Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

2022-01-26

Geagte Ouers

NUUSBRIEF 2/2022

ALGEMEEN

Belangrike Skoolinligting: Elke leerder het ‘n opsommingsbladsy met belangrike skoolinligting ontvang. Vir maklike verwysing plaas hierdie bladsy in die leerder se huiswerkboek.

AKADEMIE

Toetsrooster en toetsafbakening: Neem asb. kennis dat elke leerder (Gr. 4-7) reeds hul toetsrooster en toetsafbakening vir hierdie kwartaal ontvang het. Dit is ook digitaal beskikbaar op die D6-toepassing.

Stulting Kodering en Robotikaklub: Hierdie klub bied addisionele blootstelling aan leerders wat meer van die vak wil leer en ook aan nasionale kompetisies wil deelneem. Die klub is ook oop vir leerders van ander skole. Die klublesse vind op Maandae vanaf 16:00 tot 17:00 by die skool plaas teen R 100 per les. Kontak gerus die skool of die onderwyser in beheer, mnr. Tiaan (0785321436) vir meer inligting.

SPORT

Toeskouers tydens buitemuurse-aktiwiteite: Op hierdie stadium word geen ouers toegelaat op die skoolterrein tydens die gewone buitemuurse-aktiwiteite na skool nie. Die personeel het almal verskillende take om te verrig en dit is nie moontlik om die voorgeskrewe COVID-19 protokolle toe te pas en te monitor nie. Ons vertrou dat u verstaan.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Interhuis-Atletiek: Ons Interhuis-Atletiek word oor twee dae beslis:

- Dag 1: Vrydag 28 Februarie 2022. Die velditems vir alle atlete vanaf Gr. RR tot Gr. 7 vind op die sportveld van Laerskool Stulting plaas. Hierdie items vind vanaf 07:30 tot 12:00 plaas.

  Alle leerders moet in hul sportdrag skool toe kom. Leerders moet met hul aankoms by hul registeronderwysers aanmeld (soos op 'n normale skooldag) vir COVID-19 sifting en voltooiing van die teenwoordigheidsregister voordat hul saam met hul onderwyser na die veld sal beweeg. Die leerders verdaag om 12:00. Onthou sonskerm en waterbottel.

  Neem kennis dat die diskus en spiesgooi na-afloop van die velditems Vrydag by Stulting sal plaasvind.

- Dag 2: Maandag 31 Januarie 2022. Die baanitems vir alle leerders vanaf Gr. RR tot Gr. 7 vind op die atletiekbaan van Hoërskool Nico Malan plaas. Hierdie items vind vanaf 07:30 tot 14:00 plaas.

  Alle leerders moet om 07:00 met hul atletiekklere by die atletiekbaan van Hoërskool Nico Malan opdaag. Leerders moet by die geallokeerde graadtafels (op die atletiekbaan) aanmeld vir COVID-19 sifting en voltooiing van die teenwoordigheidsregister voordat hulle op die pawiljoen in hul interhuisgroeperings gaan sit. U kan u kind na-afloop van die byeenkoms om 14:10 by die atletiekbaan kom afhaal. Onthou sonskerm en waterbottel.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Toeskouers by die interhuis atletiekbyeenkomste: Ouers is welkom om die bg. byeenkomste by te woon en hul kinders te ondersteun. COVID-19 sifting sal Vrydag (Stulting rugbyveld) en Maandag (Nico Malan ingangshek) tydens u ingang tot die skoolterrein afgeneem word. ‘n Ingangsfooi van R 10 per volwassene is van toepassing by beide byeenkomste. Ons versoek ook ons ouers om die COVID-19 protokolle soos van toepassing vir publieke plekke te eerbiedig.

Buitemuurse rooster: Die toepaslike rooster van die eerste kwartaal word saam met hierdie nuusbrief versprei. Die aktiwiteite van die rooster sal op Dinsdag 1 Februarie 2022 in aanvang neem.

FONDSINSAMELING

Fondsinsameling: Elke leerder het vandag ‘n voorafgenommerde lootjieboek ontvang. Die boekie bevat 20 kaartjies wat teen R 20 elk verkoop moet word (R 400). Verkoop asb. die kaartjies aan u vriende, kollegas en kennisse. Waardevolle pryse kan gewen word wanneer die gelukkige trekking in die tweede kwartaal plaasvind. Hierdie boekie moet asb. veilig bewaar word. Alle boekies en die R 400 moet in die begin van die tweede kwartaal op Dinsdag 5 April 2022 aan die skool terugbesorg word.

Ons dank u by voorbaat vir die positiewe gesindheid teenoor hierdie projek. Die inkomste word gebruik om die skool se nuwe klubhuis asook belangrike instandhouding van ons voertuie te finansier.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

STULTING NASORG

Stulting se nasorgsentrum verrig (Maandae tot Vrydae) 'n volledige daaglikse diens aan ons leerders en ouers. Hulp met lees, wiskunde en ander belangrike nasorg en huiswerkaktiwiteite word aangebied. Skakel gerus die skoolkantoor of die onderwyser in beheer juf. Chantelle Reitz (0603567811) vir meer inligting.

Stultinggroete

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF